

Lourensrivier Feesmark

Vrydag 23 Oktober - Saterdag 7 November

Weeksdae 09:00 - 19:00

Saterdag 09:00 - 17:00

2020

072 269 6592 / (021) 853-5991
Hoek van Broadway, Da Gama & Jenningsstraat, STRAND

Studente en/of matrikulante wat belangstel om tydens die Feesmark in die Fees Kafee te werk, kan Corne Strydom kontak 0827297169.

Kontak Annalie 0722696592 as jy kan help met saaltoesig en/of by die kasregisters (till)kan help.



Het dit al vir jou gevoel of alles uitmekaar val? Dat niks in plek val nie? Jy nie weet hoe die uiteinde van 'n sekere storielyn gaan uitspeel nie? Ek dink baie mense kom op 'n tyd in hulle lewe op dié plek. Vreemd, onbekend.

So sit ek in die vliegtuig, by die venster, op pad terug na 'n vinnige kuier by my ouers in die Vrystaat. Dit is al na agt die aand toe die vliegtuig Kaapstad nader. Duisende liggies verhelder die aarde. Dit is so mooi. Gedeeltes is donker wat vir kilometers strek, daar lê die see. Die vliegtuig draai effens na links, waarna die liggie-fees onder 'n donker wolkmassa verdwyn. Eers vlieg ons bo die wolke, dan is ons midde die donkerte. Die wolke spoel soos watte om die vliegtuig. Jy kan niks buite sien nie.

Plek-plek skyn 'n liggie of twee van die grond af deur, maar die wolke sluk die res in. Vir 'n oomblik voel jy onseker, want hier sit jy kilometers bo in die lug, dit is donker buite. Jy sit jou vertrou in die hande van 'n totale vreemdeling, die vlieënier.

My onbekende is vir die vlieënier bekend. Hy weet hoe om 'n vliegtuig vol mense veilig te land – in die donker, as dit reën, wanneer die Suidooster waai, as daar weerlig is en wanneer die son helder skyn. Die vlieënier is in beheer. Ek moet net stil sit en vertrou.

So is dit ook in ons lewe. Wanneer dinge om ons donker word, soos wanneer jy in die vliegtuig sit en na buite kyk en niks kan sien nie, dan moet jy weet...vertrou op God.

Die Here weet. Die Here is in beheer. Hy ken jou pad. Hy ken jou lewe en Hy weet wat om te doen.

Soos die vlieënier in beheer is van die vliegtuig, is God in beheer van jou lewe.

Niemand het gesê dat dit maklik sal wees nie. Om deur die onbekende te beur en steeds te hoop en aan God vas te hou nie.

Tog is dit al waaraan ons kan vashou.

Aan God, aan Hoop.

Kniewerk



Voorbidding vir :

- Ds. Petrie vir sy boodskap.
- Ons innige meegevoel met die familie van Susan Rencken, wat onlangs oorlede is.
- Ons innige meegevoel met Talitha Gerber en gesin met die heengaan van haar moeder.
- Almal wat siek is of herstel van 'n siekte.
- Ons matrikulante wat besig is met rekordeksamen en voorberei vir die eindeksamen.

NUUS UIT DIE KERK KANTOOR

Die Kerkkantoor is weer oop!

Ds. Petrie: petrie@lourensrivier.co.za

Charlene - Finansies: fin@lourensrivier.co.za

Riata - Admin: admin@lourensrivier.co.za

Admin:

Maandae 09:00 – 16:00

Dinsdae/Woensdae/Donderdae 08:00 – 16:00

Vrydae 08:00 – 13:00

Finansies:

Finansies sluit elke dag om 12:30.

Kontak Charlene direk vir enige afsprake, betalings of besoeke na 12:30.

(021) 853-5991.

EREDIENSTE TYDENS VLAK-1 INPERKING

- Die hoofingang by Jenningsstraat en die ingang in Broadway sal oop wees vir toegang tot die kerk op 'n
- Sondag.
- Kom so 'n bietjie vroeër om die presensielys te voltooi.
- Slegs naam en kontaknommer.
- Hand-ontsmettingsmiddel by elke ingang.
- Onthou jou masker!
- Handhaaf asseblief sosiale afstand binne die gebou.
- Kollekte slegs by die deure.
- Geen nagmaal
- Geen koffie/tee na erediens

BELYDENISAFLEGGING

Sondag 18 Oktober 09:00

Dieselfde riglyne geld soos bo genoem tydens eredienste.

DOOP

Kontak die kerkkantoor admin@lourensrivier.co.za of (021) 853-5991.

BEGRAFNISSE

Slegs 100 mense word toegelaat.

Dieselfde riglyne geld soos by eredienste tydens vlak-1.

JEUG

ZOOM!!!

Ons ZOOM voort soos tydens die inperking tot einde 2020.

Kontak Tijane 0832870954 of Constant 0722243267 vir meer inligting.

Dinamiet Kiedz/Belofteland

Die Kinderkerk begin weer in Januarie 2021

Weens die eksamen en toetse, skoolvakansie en ons kerk se Feesmark (Oktober/November), is die Sondag wat ons met die kinders kan spandeer, baie min.

Die besluit is geneem om eers in 2021 weer met die kinderkerk te begin.

Ons nooi al die kinders uit om eredienste saam met hulle ouers/voogde by te woon.

Die moederskamer is ook beskikbaar.

Die kinders kan nou op die eksamen/toetse fokus en heerlik tydens die kort Oktober vakansie en die Desember vakansie rus! Sien julle weer in 2021

Baie sterkte met die eksamen en toetse!

ONS BEGIN WEER IN 2021...

Snuffelmark

Gebedskursus

Veritas Bybelskool

Dinamiet Kiedz/Belofteland (Kinderkerk)

Nuus uit die omgewing / kursusse / inligting:

AccuCare

Tuis Verpleging

Wanneer verswakking of siekte intree, kan dit 'n traumatiese uitdaging wees vir pasiënt en familie om normaal by die huis te funksioneer.

By AccuCare, glo ons dat om in die gemak van jou eie bekende omgewing te bly, emosioneel en fisies die gerieflikste en bekostigbaarste oplossing is.

AccuCare het 'n holistiese benadering en is toegewyd om ons kliënte met die beste tuis versorging te voorsien met die fokus op Onafhanklikheid,

Sagmoedigheid, Respek en Integriteit. Ons pas ook aan by die persoonlike en unieke behoeftes van ons kliënte.

Ons tariewe is baie kompetierend en voorsien Dagdiens, Nagdiens, 24 uur diens, 5 ure diens asook Inslaap diens deur opgeleide versorgers.

AccuCare word bestuur deur die eienares Adele Eastes, wat self 'n opgeleide

Ingeskrewe Verpleegkundige is met oor 20 jaar verpleeg ervaring.

Vir meer inligting, kontak

082 756 4898

(8vm - 4nm)

of stuur 'n epos aan

info@accucare.co.za

Besoek ook gerus ons webtuiste

www.accucare.co.za

JC VORSTER

Tel new: 065 816 9617

HEARING CARE

...professional audiology services.

Medical Aid Rates

• Hearing aids • Hearing tests • Batteries • Repairs • Noise Protection

E-mail: hearcare@outlook.com



HUIS PAM BRINK / ESPERANZA

Versorgingsdiens vir Ouer Persone

Huis PAM Brink
Myburghstraat 16
STRAND 7140

Telefoon 021 8544579
Faks 021 8544770



Huis Esperanza
Donaldsonstraat 11
STRAND 7140

Telefoon 021 8547393
Faks 021 8548240

'ONS VERSORG MET LIEFDE EN DEERNIS'

E-pos: esperanza_admin@gmail.com

Geregistreerde Organisasie Sonder Winsoogmerk (Registrasie nr 011-891)

HUIS PAM BRINK / ESPERANZA VERSORGINGSDIENS 'n Program van Badisa in die Strand

VAKANTE POSTE:

ONDERHOUD : HUISHOUDSTER :

Werkomgewing in gesondheid wat deur Wetgewing op Ouer Persone gereguleer word.

Basiese Naaldwerk vaardighede.

Kennis van goeie higiëne.

Wettige rybewys.

Ruim pensioen en verlof voordele.

Diensaanvaarding so spoedig moontlik.

RIG CV MET VERWYSINGS AAN:
MEV B V LOUW
DONALDSONSTRAAT 11
STRAND
7140

SLUITINGSDATUM:
23 Oktober 2020

Lourensrivier Feesmark

Vrydag 23 Oktober - Saterdag 07 November 2020



Mooigoed
Eetgoed
Klere
Braaigoed
Skoolgoed
Geskenke
Houtwerk
Naaldwerk
Plante
Gebak
Juwel
Kerse
Veel meer...

103 Uitstallers

Weeksdae: 09:00—19:00

Saterdag: 09:00—17:00

(021)8535991 / 0722696592

Lourensrivier Gemeente, Jenningsstraat 55 - Hoek van Broadway en Da Gama, Strand



FEESMARK

FEESMARK HET JOU NODIG!

Kom help met toesig in die saal en/of help met die "tille" (kasregisters)

Ons benodig mense om met die kasregisters te werk en om in die saal toesig te hou.

Skakel Annalie as jy hiermee kan help 0722696592

Die roosters sal Maandag en Dinsdag by die kerkkantoor beskikbaar wees.

Kyk watter dae en tye jy kan help en skryf jou inligting neer.

Geliefdes wat in Oktober 80 + verjaarsdae vier.

2 Oktober: Christo Cruywagen (86)	14 Oktober: Anna Mostert (86)
3 Oktober: Erika du Plessis (84)	20 Oktober: Susan Louw (80)
7 Oktober: Faureen Grobbelaar (85)	24 Oktober: Anna Louw (87)
7 Oktober: Karel Leeuwner (82)	25 Oktober: Stanley Oosthuizen (83)
10 Oktober: Pieter du Plooy (89)	Danie Volschenk (80)
Gideon Henning (85)	26 Oktober: Christie Jooste (88)
12 Oktober: Hettie Geldenhuys (88)	30 Oktober: Garies Dreyer (84)



*Gedagte
vir die week*



Soek hulp en beskerming by die Here, soek gedurig sy teenwoordigheid.

1 KRONIEKE 16:11

Dankoffers / Kollekte / Tiende / Skenkings

Bankbesonderhede

Rekeningnaam: NGK Lourensrivier Bank

ABSA Bank Strand

Rekeningnommer: 420 580 231 (Takkode 334 312)

Elektroniese oorplasing:

Stuur 'n bewys van inbetaling aan kerkkantoor per e-pos,

fin@lourensrivier.co.za of faks 021 853 8009 met

verwysing: Naam en van.

Waarvoor: bv. dankoffer, voedsel fees.

ZAPPER:

Gebruik dié Zapper-selfoontoepassing vir bankkollekte en dankoffer bydraes.

Dié Zapper "APP" kan gratis van jou selfoon se "APP Store" afgelaai word.

Jy sal deur Zapper van elke transaksie verwittig word.



LOURENSRIVIER GEMEENTEGIDS

(KERK-KALENDER 2021)

Ons noui graag lidmate met besighede uit om vanjaar weer van die kans gebruik te maak om dit in die gemeentegids te adverteer.

Daar is spasie vir ses visitekaartjies per maand.

Jy kan aandui watter maand of maande jy graag wil adverteer.

Koste is R400 per visitekaartjie per maand.

Kontak Riata admin@lourensriver.co.za



PIETER LE ROUX
M.SC. IN ZOOLOGY
SPEAKER
MINISTRY COORDINATOR

Uitnodiging
Skepping of evolusie? Besluit jy!

Vrydag 9 Oktober 2020
19:30

Genesis: Fondasie van die Evangelie
Pieter le Roux, CMI—Suid Afrika

NG Kerk Strand
h/v Fagan & Birkenheadstraat
Strand

Navrae: 074 248 1254
(CMI tydskrifte, boeke en DVDs sal te koop aangebied word)

Gratis toegang on ainal is welkom



CREATION MINISTRIES INTERNATIONAL
www.creation.com



*Waar liefde is,
is daar geen
vrees nie, maar
volmaakte liefde
verdryf vrees,
want vrees
verwag straf, en
wie nog vrees,
het nie
volmaakte liefde
nie.*

1 Johannes 4:18



**MOEDELOOS OOR JOU FB
BESIGHEIDSBLAG??**

Let me help you put all the puzzles together

**10% af op FB Besigheidsblad Opleiding:
Verval op 31 Oktober 2020**

Het jy 'n FB Besigheidsblad geskep, maar sukkel om dit te laat groei en raak gesien te word in die groot sosiale media wêreld daar buite?

Ek sal jou graag wil leer hoe om dit effektief te bestuur en van al die funksies gebruik te maak om jou besigheid te bevoordeel
Normale fooie vir 2 ure is R500, maar vir Oktober kry jy 10% afslag.

Kontak my gerus @ 0845052908
Jackie Strauss